

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



ARCHIVE FOR CONTEMPORARY AFFAIRS

Contact Us

Write to:

Archive for Contemporary Affairs
University of the Free State
P.O. Box 2320
Bloemfontein 9300
South Africa

Visit us:

Archive for Contemporary Affairs
Stef Coetzee Building
Room 109
Academic Avenue South
University of the Free State
205 Nelson Mandela Drive
Park West
Bloemfontein

Or telephone:

+27(0)51 401 2418

Or e-mail: huibre@ufs.ac.za
ernene@ufs.ac.za

KATALOGUS VAN DIE F.J.B. PRETORIUS SKENKING

1. TOECANKLIKHEID

Onvoorwaardelik.

2. CURRICULUM VITAE¹

Francois Johannes Benjamin Pretorius is op 10 November 1886 op Potchefstroom gebore. Hy ontvang sy skoolopleiding aan die Zuidskool en die Potchefstroom Boys' High School. Na Uniewording in 1910 en die daaropvolgende politieke woelinge en terwyl hy nog skolier aan die Zuidskool was, meld hy hom op 27 Januarie 1913 vir militêre vredesoeferinge aan en word hy lid van die Potchefstroomse De la Reyruiter onder bevel van maj. J. Kemp.

Kort na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog word F.J.B. Pretorius vir militêre diens opgeroep. Vanaf 22 Oktober 1914 tot 7 Augustus 1915 is hy lid van die Unie-weermag en is hy betrokke by die krygsoperasies in Suidwes-Afrika. Na die staking van vyandelikhede in Suidwes-Afrika keer hy vir die daaropvolgende vyf jaar na sy ouerwoning op Potchefstroom terug. Hy begin in die Potchefstroomdistrik boer, terwyl hy ook landboukursusse aan die Landboukollege op Potchefstroom bywoon.

Gedurende April 1921 vertrek F.J.B. Pretorius na Suidwes-Afrika en vestig homself met verloop van tyd as 'n suksesvolle karakoelboer in die gebied. Hy dien vir jare as voorsitter van die Karakoeltelersvereniging en by verskeie goleenthede vanaf 1939 tot 1954 het hy ook op die Adviesraad vir die Karakoelnywerheid gedien. As lid van dié Raad is hy in 1953 afgevaardig om 'n uitgebreide reis na Engeland en verskeie Europese lande, onder andere Holland, Frankryk, Wes-Duitsland en Italië te onderneem om moontlikhede te ondersoek om 'n beter en meer omvattende reklame- en advertensieveldtog vir die Karakoelbedryf in die lande te loods.

1. Vgl. ook verwysing 1 : Lewenskets van F.J.B. Pretorius

Deur sy politieke sienswyse is hy aktief gemoeid met die Nasionale Pers, Voortrekkerpers, die Suidwes-Drukkery Bpk. en die Nasionale Party in Suidwes-Afrika, 1921 - 1945.

F.J.B. Pretorius was een van die elf kandidate van die Nasionale Party vir die verkiesing van Mei 1945 en was NP-kandidaat in die kiesafdeling Gibeon. Nie een van die NP-kandidate is verkies nie, alhoewel daar 'n duidelike totale toename in stemgetalle vir die Nasionale Party in die verkiesing van 1945 merkbaar was. Hy is later weer genader om homself beskikbaar te stel, maar hy het die aanbod weens persoonlike redes van die hand gewys.

Gedurende sy laaste lewensjare vestig hy hom op Margate, terwyl hy nog sy boerderybelange vir 'n aantal jare in Suidwes-Afrika behou. Hy sterf op 15 Oktober 1976 te Margate.

3. ORDENING

Die dokumente is in 'n goed versorgde toestand ontvang en ten einde die nommer volgorde te behou, word dit in 'n katalogus beskryf. Die dokumente handel hoofsaaklik oor F.J.B. Pretorius se verbintenis met die Nasionale Party van Suidwes-Afrika en die Nasionale Partykoerantwese. Weens die restourasie en bewaring van die W.D. Pretorius-huis (F.J.B. Pretorius se ouerhuis) op Potchefstroom, kan die res van F.J.B. Pretorius se persoonlike dokumente by die Potchefstroom Museum waar dit as deel van die familieverzameling bewaar word, geraadpleeg word.

Die dokumente verkeer in 'n goeie toestand en beslaan 0,10 meter raksapie.

PV 706 KATALOGUS VAN DIE F.J.B. PRETORIUS SKENKING

<u>VERWYSING</u>	<u>BESKRYWING</u>	<u>OPMERKINGS</u>
1.	Lewenskets van F.J.B. Pretorius. Opgestel deur prof. F.J. Pretorius.	
2.	Akte van Oprigting en statute van Voortrekkerpers.	
3.	Briefwisseling in verband met Voortrekkerpers en Voortrekkerpersaande- ^{le} , 1937-1942.	
4.	"Die Volksblad". Hoofartikel. Dinsdag, 31 Augustus 1937.	
5.	Twee geskiedkundige foto's; nl. 5.1 Die NP-kandidate van die 1945-verkiesing in S.W.A. 5.2 Die eerste direksie van "Die Suidwester".	
6.	Begrafenisberig van F.J.B. Pretorius se eerste eggename, Hester Agnes Magdalena Pretorius. "Die Suidwester", Mei 1946.	
7.	'n Brief van mnr. J.G.H. van der Wath aan prof. F.J. Pretorius in verband met F.J.B. Pretorius en die Nasionale Party-S.W.A.	
8.	Telegram-afskrif in F.J.B. Pretorius se eie handskrif waarin hy hom nie weer as kandidaat vir die Volksraad verkiesbaar stel nie; c. 1948.	
9.	Artikel uit <u>Restorica</u> , Nr. 11, Junie/ Julie 1982, insake die WDP-huis, Potchefstroom.	
10.	"Tussen lewe en dood". 'n Lewenskets van W.D. Pretorius se broer, J.P.L. Pretorius. <u>Historia</u> , 28 Mei 1938. ⁴	

-
1. Hierdie lêer bevat ook o.m. omsendbrieue en koerantknipsels.
 2. Die lêer bevat ook twee koerantberigte uit "Die Suidwester" van 1 en 15 Des. 1962 onderskeidelik wat die twee foto's identifiseer.
 3. Mnr. J.G.H. van der Wath was o.m. Administrateur van S.W.A. vir die periode, 1968-1971.
 4. Vgl. ook verwysing 1 : Familiegeskiedenis van F.J.B. Pretorius.

VERWYSING	BESKRYWING	OPMERKINGS
11.	Herenigde Nasionale Party Republikeinse Strydfonds. Sertifikaat nr. 29, 12 Januarie 1945.	
12.	Eerste uitgawe van "Die Transvaler", 1 Oktober 1937.	